GEREFORMEERDE KERK WONDERBOOMPOORT

Kantoorure: Maandag, Donderdag, Vrydag
07:30 tot 13:30

Kerkkantoor – 012 565 6220
Faksnommer – 086 509 3824
kantoor@gkwonderboompoort.org
www.gkwonderboompoort.org

KONTAK Jaargang 22 7 Oktober 2018

OGGENDDIENS (09:00)

Lees: Markus 4:1-20
Sing: Ps. 95:1,4,5
Ps. 81:9,15
Ps. 40:3
Ps. 89:6
Ps. 78:1,3

Liturg: Ds Pieter le Roux
Orrelis: Nelmari Boersema

Offergawes onder die diens:
Werksaamhede van die diakonie

Preekskets: Vier tipes grond

Jesus vertel die gelykenis van die saaier met die oog op hóé ons luister én met watter gesindheid ons luister na die woord van die Here. Die mens se hart is soos verskillende tipes landbougrond:

- Harde pad – Jy hoor dit, maar neem dit glad nie in nie.
- Vlak grond – jy hoor dit, maar dit vind nie diep ingang nie – sodra moeilike tye kom, verlaat jy dit.
- Tussen onkruid – jy hoor dit, maar die sorge van die lewe, die verleiding van die rykdom en ander begeerlikhede verstik dit.
- Goeie grond – dra vrug: dertig-, sestig- en honderdvoudig!

AANDDIENS (18:00)

Lees: Luk. 1: 39-45

Sing: Ps. 33:1,6
Ps. 9:7,9,10
Ps. 119:4,29,63
Ps. 71:1,2,4,9,14
Ps. 89:1,2,11

Liturg: Ds Faan Smit
Orrelis: Karien Krüger

Offergawes onder die diens:
Werksaamhede van die diakonie

Preekskets:
Die los drade in die lewe van Maria en Elizabeth word saamgeknoop in 'n geloofsgemeenskap wat deur die Heilige Gees gebind word rondom geloof in die Middelaar. God gebruik gelowige ouers in die geloofsgemeenskap om sy kinders te laat uitroep: My Here!

KOLLEKTES BY DIE DEURE

Vandag: Kerkkas	Instandhouding van die erediens.
Volgende Sondag: AROS	Instansie wat sorg dra vir die opleiding van Gereformeerde onderwysers, ondersteuning van gereformeerde skole.

DANKOFFERS

ABSA Bank 632005	Kerkkas	Susters	Sending	Koningskinders	FNB 251045	Diakonie
	060 3400 64	060 3400 72	060 1883 00	9 276 253 131		625 8354 5862

- Kontantbydraes – Koeverte is by die deure beskikbaar. U kan dit in die dankofferkassie by die uitgangdeur by die preekstoel of in die kollektesakkie plaas.
- EFT betalings – Kontak asseblief die kerkkantoor om 'n unieke verwysingsnommer te bekom wanneer u u dankoffer elektronies oorplaas.

- Debietorders – U kan 'n debietordervorm by die kantoorkiosk in die kerksaal afhaal, invul en in die kassie by die kiosk pos.

GEMEENSKAP VAN GELOWIGES

Verjaarsdae

10 Okt	Sr. Inga Olckers	012 546 2056	079 305 0237
12 Okt	Br. Gideon Bateman	012 546 1466	083 263 4425

Lief en leed

- Sr. Susan Rossouw se dogter is ontslaan en sterk tuis aan na 'n bloedklont deur die hart. Ons is so dankbaar saam met haar! Tel. 072 150 4739
- Sr. Esmari Bennemeer sterk aan in Eugene Marais hospitaal na 'n operasie. Baie sterkte Esmari en die kinders! Tel. 082 412 4845
- Ons verneem van beterskap by Br. Frans & Tina Vorster se kleinseun. Hy is steeds in die Intensiewe eenheid in Eugene Marais. Dankbaar oor die beterskap! Tel. 072 218 3219
- Br. Johan Kruger is ontslaan uit Groenkloof hospitaal en ontvang tuisversorging. Hy verduur baie pyn en ongemak. Ons dra hom in ons gebede. Tel. 012 546 4982
- Sr. Elize Pienaar gaan dit baie beter mee. Ons is dankbaar saam met julle! Tel. 082 430 2302.

SUSTERSAKE

Skinkbeurt vandag	Malvas
Bestuurslid:	Jeanne Smit
Wyksuster wyk 5:	Rita Enslin
Wyksuster wyk 7:	Elani Buys

Rika van der Merwe, Kate Kruger, Henny Bos, Beth Laubscher, Barbara Kotzé, Carien van Rensburg, Annatjie Coetzee, Nelia Drenth, Marie Muller, Daleen Nel, Lien Struwig, Elmien Struwig.

Volgende Sondag	Rose
Bestuurslid:	Debbie Bekker
Wyksuster wyk 1:	Elzabe van der Walt
Wyksuster wyk 13:	Juanita Visagie

Tilla Smit, Susan Rossouw, Liesbet Kruger, Anna Gindra, Corne Wolmarans, Marissa Malan, Juanita Visagie, Hannetjie Vermaak, Elsabe Jooste, Melani Ras, Magda Jacobs, Ronel Janse van Rensburg, Natasja Visagie, Li-Xanthé Heynecke.

- Algemene Sustersvergadering: **21 OKTOBER** Teken die datum in u dagboek aan. Ons vra dat alle vrouens/susters in die gemeente dit asb sal bywoon.
- Susters Afsluiting: **8 DESEMBER 2018** Dagboek die datum sodat ons 'n heerlike afsluiting vir die jaar se werksaamhede kan deel met medegelowige susters. Meer inligting word later deurgegee.
- Perkuleer koffie: Perkuleer koffie is beskikbaar om te koop ten bate van die susterskas . Kontak Althea Heystek. Tel. 082 334 2393
- Kwitansies Susters wat kontantbydraes gee kan hulle kwitansies in die posvakkies in die kerksaal afhaal.
- Susters verkoping Baie dankie aan al die susters wat verlede week kom help het met verkope by die kleuterspele. Ons het 'n bedrag van ongeveer R4500 vir die susterskas wins gemaak. Baie dankie vir ieder en elk se bydraes.

- **Sustersfunksie** Sustersfunksie van 27 Oktober is afgestel agv te veel aktiwiteite op die kerk se kalender en word gekombineer met die afsluiting van 8 Desember.
- **Doop** Vanaand word die verbondskindjie, Mari, van Henrikus en Jeanne Smit gedoop. Dit val saam met broodjiesaand en ons vra dat die susters asb ekstra eetgoed sal bring vir broodjiesaand sodat ons die geleentheid saam met hulle kan vier.

OP DIE POORTPLAAS

Katkisasie-kamp 12 tot 14 Oktober
Briefies is aan die kinders uitgedeel in verband met die kamp. Daar is vandag nog geleentheid om in te skryf en te betaal by sr Elani Buys. Onthou die graad 1 tot 3 kinders kan die Saterdag lekker kom saam kuier!

Ouderlinge beplanningsvergadering
Die ouderlinge beplanningsvergadering vind hierdie week plaas – Donderdag 19h00 in die konsistorie. Sterkte met die ouderlinge wat besig is met huisbesoek!

Kontak Elektronies
Indien jy graag die Kontak op Vrydagmiddae elektronies wil ontvang, stuur asb. jou eposadres na kantoor@gkwonderboompoort.org. Die Kontak word ook DV voortaan teen Vrydagaande op ons gemeente se webblad gepubliseer. Kry dit by ons gemeente se webblad by www.gkwonderboompoort.org

Hoenders te koop
Br Hennie Kruger het lekker plaasvars hoenders teen R30/kg te koop. U kan gedurende die week tydens kantoorure by die kerk kom afhaal of met hom of sr Liesbet reëlings tref om by hulle af te haal. Tel. 012 565 5310/ 082 439 9248 Adres: Ben Viljoenstraat 411, Pretoria-Noord. Betaling is kontant met afhaal.

OP DIE KERKWERF

Bybelvasvra GK Akasia 27 Oktober 2018
Hiermee 'n uitnodiging aan u gemeente om aan die 2018 geleentheid deel te neem. Neem asb kennis dat daar nie 'n beperking is op die hoeveelheid deelnemers uit 'n Gemeente nie - ons sal graag wil sien dat gemeentes in groot getalle opdaag! Na die verrigtinge sal verversings aangebied word. **Teken solank die datum aan!**

NUWE INTREKKERS

WORD VERSOEK OM NA DIE EREDIENS BY DIE KANSEL AAN TE MELD. EEN VAN DIE DIAKENS SAL U DAAR ONTMOET.

TOEGANG TOT TERREIN TYDENS EREDIENS

NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT, INDIEN U DIE TERREIN TYDENS DIE EREDIENS MOET VERLAAT OF LAAT IS, DIE OOPSKUIFHEK AAN DIE SAAL SE KANT OOPGESLUIT IS.

ONS GEMEENTE HET 'N WEBTUISTE

JY KAN PREKE, ARTIKELS, INLIGTING OOR DIE SUSTERS, ENS. OP DIE WEBTUISTE AFLAAI. GAAN BESOEK DIT GERUS BY http://gkwonderboompoort.org/ !

MOEDERSKAMER EN OUERS MET KLEUTERS

DAAR IS TWEE MOEDERSKAMERS OM TE GEBRUIK: EEN IN DIE VOORPORTAAL EN EEN AGTER DIE KONSISTORIE (WAT DEUR BORSVOEDENDE MOEDERS GEBRUIK WORD).

DIE AGTERSTE DRIE RYE BANKE IN DIE KERKGEBOU WORD GERESERVEER VIR OUERS MET KLEUTERS.

NUUSBRIEF

NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT DIE AFSNYTYD VIR INDIEN VAN BERIGTE DONDERDAGMIDDAG 13:00 IS.

BROODJIESAAND

DIE GEMEENTE BRING ELKE EERSTE SONDAG VAN DIE MAAND BROODJIES OM NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS SAAM 'N KOPPIE KOFFIE OF TEE TE GENIET.

DAGBOEK

Sondag 7 Oktober	08:55 - Samesang vooraf. 09:00 – Oggenddiens. Geen Katkisasie gedurende die skoolvakansie nie. 17:55 - Samesang vooraf. 18:00 – Aanddiens. Broodjiesaand. Bring asb broodjies, muffins of enige iets van die aard saam na die aanddiens sodat ons na afloop van die diens lekker koffie en broodjies kan geniet.
Maandag 8 Oktober	19:00 – Bybelstudie by die pastorie. Hebreërs 2:14-18 word behandel.
Woensdag 10 Oktober	08:15 – Sustersbybelstudie in die kerksaal. 09:30 – Bybelstudie by Hermon.
Donderdag 11 Oktober	19:00 – Ouderlinge beplanningsvergadering in die konsistorie.
Sondag 12-14 Oktober	Katkisasiekamp by die Hoekie kampterrein.